Volksblad 12 Jan 1931

# WAAR LAND NOG KAN SPAAR

## Klagtes dat Dept. van Openbare Werke Spandabel met Geld Werk

### VRYSTAAT OORWEEG EIE DEPARTEMENT

### Ontevredenes Noem Konkrete Voorbeelde; Volksraad sal Saak Bespreek

**Dat openbare geboue meer kos wanneer hulle deur die Departement van Openbare Werke opgerig word as wanneer private boumeesters daarmee belas word, wil blyk uit 'n deeglike ondersoek, wat ons ingestel het na aanleiding van klagtes van spandabelheid teen die Departement op die jongste kongres van die Vrystaatse Nasionale Party en die verklaring van mnr. J. C. Buys, L.U.K., dat die Prowinsiale Administrasie tans oorweeg of hy nie sy eie departement in die lewe moet roep nie ten einde besparings te bewerkstellig. In die loop van ons ondersoek is voorbeelde aan ons genoem om te bewys dat die boukoste van skole en hospitale uitermate hoog is, as hulle deur die Departement van Openbare Werke opgerig word. Redes hiervoor is genoem, maar hulle is deur boubase sowel as verantwoordelike amptenare in die Departement van Openbare Werke belaglik genoem.**

Die skole op Reitz en Colesberg skyn wel 'n voorbeeld te wees wat bewys dat private boumeesters die werk die goedkoopste gedaan kry. Hierdie twee skole is feitlik eners, wat bou en grootte betref, en daar kan nie gesê word dat die een baie beter as die ander is nie. Reitz se skool is deur die Departement van Openbare Werke opgerig en kos £14,000; Colesberg se skool is gebou deur 'n private boumeestersfirma en het die skoolraad maar £8000 gekos. Hier vind ons dus 'n verskil van £6000. wat nie deur enige verskil in die twee geboue te regverdig is nie.

Nog 'n voorbeeld vind ons in die kerksaal op Reitz wat vir £3700 opgerig is, en die toekomstige saal van die Normaalkollege wat in Bloemfontein, £6000 sal kos. Vir eersgenoemde was 'n boukommissie verantwoordelik, terwyl die Departement van Openbare Werke in die geval van laasgenoemde toesig sal uitoefen. Iemand wat op die hoogte is, het aan ons verklaar dat die saal van die Normaal argitektonies wel mooier sal wees, maar die saal op Reitz is groter en bevat daarbenewens 'n ruime kombuis. „Die Deparement van Openbare Werke sou dit nooit vir £3700 kon opgerig het nie'', is gesê. In hierdie verband is ook verklaar dat die Normaal begerig is dat sy saal 'n groot vertrek moet bevat, wat as biblioteek sou dien, maar die Departement het die beskikbare bedrag ontoereikend gevind.

#### Twee Tehiuse met £8000 Verskil.

Nog 'n voorbeeld wat aandui dat private boumeesters die werk goedkoper uitvoer as die Departement van Openbare Werke is die skooltehuis op Philippolis, wat £10,000 kos en tagtig leerlinge huisves, en die toekomstige tehuis van die Normaal alhier, waarvan die koste byna £18,000 sal wees en huisvesting alleen aan sestig studente sal besorg. Die tehuis van die Normaal sal natuurlik moet aanpas by sy omgewing en sal derhalwe moet voldoen aan hoë argitektoniese vereistes, maar Philippolis se tehuis is 'n netjiese, goed afgewerkte en duursame gebou met 'n groot eetvertrek vir 200 mense wat sterk herinner aan die reusekoshuis Dagbreek op Stellenbosch. Die leerlinge sal ook in kamers woon en daarbenewens is kamers vir onderwysers, die huisvader en die huismoeder. „Die verskil tussen die twee geboue is geen £8000 nie'', is van goed ingeligte kant aan ons gesê, „en dan moet nog onthou word dat Philippolis se tehuis twintig leerlinge meer sal kan huisves as die Normaal s'n.''

Nog 'n gebou wat hewige kritiek uitlok, is die pas opgerigte kantore by die Grey-kollegeskool. Die geboutjie kos niks minder as £3900 nie en in verband hiermee is deur verskillende vooraanstaande stadsingesetenes gesê dat minstens vyftienhonderd goeie goue ponde van die Vrystaat minder aan die geboutjie moes uitgegee gewees het.

#### Die Hele Stelsel Verkeerd.

Ons het die oorsake van die groot verskille en die hoë boukoste probeer uitvind en is deur een deskundige oor landsake vertel dat die hele stelsel van uitreiking van inskrywings verkeerd is. Wanneer die Parlement of die Prowinsiale Raad besluit om 'n gebou op te rig, word 'n sekere bedrag gestem en op die begroting geplaas. Boubase sorg goed dat hulle alle besonderhede van die begroting bestudeer en wanneer hulle 'n inskrywing instuur, hou hulle die gestemde bedrag in die oog. Die wedywering wat ontstaan, is nie soseer om die laagste inskrywing in te stuur nie, maar om die mededingers te klop en nogtans so na moontlik aan die gestemde bedrag te bly. „Ons sou baie geld spaar, indien ons nie die besonderhede van die gestemde geld openbaar sou maak nie,'' is aan ons vertel.

Boubase wat ons genader het, het hierdie mening nie gedeel nie. Die skedules met die uitgawe in besonderhede, wat hulle aan die Departement van Openbare Werke moet verstrek, so meen hulle, maak dit onmoontlik om 'n saamgekookte prys te vra.

#### Stedelike Lone op die Platteland.

Dat werke wat deur die Departement van Openbare Werke op die Vrystaatse platteland uitgevoer word, wel duurder is as ander, blyk uit die feit dat hierdie departement gebonde is om oral in die Vrystaat die lone te betaal wat ingevolge die Loonwet in Bloemfontein en Kroonstad betaal word. Indien die oprigting van 'n skool, sê op Ladybrand, aan die Departement van Openbare Werke toevertrou is, word al die koste bereken volgens Bloemfonteinse lone en indien die betrokke liggaam weier om hierdie lone te betaal, onttrek die Departement hom aan die hele saak. Nog onlangs is 'n hospitaal op Ladybrand gebou, nie deur die Departement van Openbare Werke nie, maar deur 'n boukommissie. Die gevolg was dat geskoolde werkers 15/- per dag—die heersende loon op Ladybrand—betaal is en nie £1 5/- per dag nie, wat die geval sou gewees het indien die Departement van Openbare Werke toesig had. Die loonbesparing op 'n gebou van £6000 so is aan ons verklaar, is ongeveer £1000.

#### Departement se Werk Duursaam.

Die antwoord van die Departement van Openbare Werke en hul ondersteuners is dat die Departement sy werk met die oog op die toekoms oprig. Dit is duursamer en voldoen aan die vereistes van die boukuns en sal in later jare min herstelwerk vereis.

Na ons verneem, sal die doen en late van die Departement van Openbare Werke in die a.s. sitting van die Volksraad deur 'n Vrystaatse lid te berde gebring word. Dit is ook, na ons verneem, een van die voorgestelde besprekingspunte vir die a.s. konferensie van die vier Prowinsiale Administrasies in Kaapstad.

In goed ingeligte kringe bestaan die mening dat die Vrystaat aansienlik kan spaar op sy openbare geboue en dat 'n prowinsiale departement van openbare werke besparing miskien in die hand sal werk.